

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
13 Augustus 1978

Onderwerp: Kind of slaaf?

Lees: Romeine 8 verse 1 tot 17

Teks: Romeine 8 vers 15

Sing: Psalm 48 vers 4
Gesang 75 verse 4 en 5

“Gemeente van Jesus Christus, toe Paulus sy brief aan die Christene in Rome geskryf het, was hierdie gemeente nog jonk. Dit is egter opvallend dat hulle reeds ’n hoë mate van geestelike volwassenheid bereik het. Paulus het nie in sy brief nodig gehad om by die elementêre dingetjies van die geloof te begin nie. Dit was nie nodig om hierdie lidmate met melk te voed nie. Hy kon hulle met vaste kos bedien. Daarvan getuig die inhoud van hierdie hoofstuk van ons teksgedeelte.

“Dit vertel ons dat die gemeente die diepere waarhede van die Evangelie reeds goed verstaan het. Dit was vir hierdie mense duidelik dat iemand geen reg op die naam Christen gehad het, net bloot omdat hy Sondae kerk toe gekom, of omdat hy eens op ’n tyd belydenis van geloof afgelê het, of omdat sy ouers kerkmense was nie. Hulle het geweet: ‘Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.’ (Rom 8:9) Die noodsaaklikheid van die wedergeboorte, die geboorte uit die Gees, was vir hulle ’n vanselfsprekende saak.

“Maar tog het daar ’n misverstand onder hulle geheers. Hulle kon nie aanvaar dat ’n mens deur Jesus Christus verlos word uit genade alleen en nie op grond van eie werke nie. Die oorsaak van hierdie misverstand het gelê in hulle Joods-wettiese opvatting van die Evangelie.

“Paulus het in ons teks probeer om daardie misverstand op te klaar: ‘Want julle het nie ontvang ’n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!’ (Rom 8:15)

“Hierdie mense was waarskynlik ernstige Christene wat nougeset hulle pligte nagekom het. Hulle erns het egter gespruit uit ’n slaafse vrees vir God. Dit het hulle van hulle heilsekerheid beroof. En dít Broers en

Susters, is die grootste beswaar teen hierdie Joods-wettiese opvatting.

“As ons self ’n deel moet bydra tot ons saligheid, kan ons nooit seker wees of ons wel genoeg gedoen het nie. Dan moet ons wag tot op die dag van die gerig, om te hoor wat die HERE dink van ons aandeel in die verkryging van ons saligheid. Dan word ons onsekere Christene. Sulke mense is nooit seker of hulle voldoen het nie en bly dus slawe wat vrees. Hulle is nie vervul met die Gees wat hulle in blye versekering laat uitroep dat Jesus Christus hulle s’n is nie.

“Paulus sê dat hierdie ervaring van onsekerheid en vrees, nie die Gees van Jesus Christus is nie. Die Gees van Jesus Christus dryf alle vrees uit, want dit skenk sekerheid. Dit is immers die Gees van kindskap. Die Gees van Jesus Christus plaas ons nie langer in ’n slawe-verhouding tot God nie, maar in ’n kindskap-verhouding.

“Broers en Susters, in ’n normale gesin is ’n kind tog nie bevrees en onseker oor sy plek in sy ouerhuis nie. ’n Normale kind twyfel tog nie of die huis se deur vanaand vir hom oopgesluit sal wees nie. Dit is vir hom die mees vanselfsprekende ding.

“Paulus sê dit is die kenmerk van die Gees van Jesus Christus. Dit laat ons God spontaan as ons Vader aanvaar. Dit gee ons volkome sekerheid dat alles tussen ons en God reg is. Waar hierdie Gees teenwoordig is, is daar kindskap en sekerheid. Dit is die blye boodskap van die Evangelie, wat hierdie hoofstuk beskryf.

“Die onderskeid wat Paulus hier maak tussen slawe en kinders van God is belangrik. Vandag nog kan ’n mens die gemeente in hierdie twee groepe verdeel: slawe, of kinders van God. Ons wil dit na aanleiding van drie sake kortliks aantoon:

“Hierdie onderskeid word duidelik wanneer dit kom by die werk wat ons Hemelse Vader sy kinders op aarde wil laat doen. Daarvoor gebruik Hy nie engele nie. Nee, Hy skenk wel aan sommige gelowiges besondere gawes, maar verwag van al sy kinders dat hulle een of ander taak in sy huishouding sal verrig. Ja, daar is vir elkeen ’n takie in God se huis: ouderling, diaken, Sondagskool-onderwyser, jeugleier, ensovoorts.

“Maar Broers en Susters, dit is opvallend dat dieselfde patroon in elke gemeente aangetref word. Dit is deurgaans dieselfde beperkte groepie wat alles doen, terwyl die ander laat slap lê. As ’n mens vra hoekom, dan lê die diepste oorsaak daarin dat

sommige hulself as kinders van God beskou, terwyl ander hulself as God se slawe sien.

“’n Slaaf of arbeider werk alleen omdat hy moet en omdat hy loon verwag. Hy wil soveel loon moontlik ontvang, vir so min werk as moontlik. Só is baie gelowiges. Hulle werk wel, maar dit is nooit van harte nie. En as jy hom vir ’n tweede keer vra, is hy meestal onwillig. Dit getuig van ’n slaaf se houding.

“Die diepste motief hier is die strewe na ’n loon. Hulle mis die blydschap van geloofsekerheid. Hulle is nie soseer geïnteresseerd in die Vader nie, maar wel in die Vader se huis, die Hemel. Hulle wil wel Hemel toe gaan, maar het geen opregte belang in die HERE van die Hemel nie. Hulle is agter die Vader se rykdomme aan, maar nie die Vader nie. Van hierdie soort Christene is daar baie.

“Dit is geheel anders by dié wat in die regte verhouding tot God staan. Hulle kla nie oor werk nie en dink nie aan die loon nie. Dit is die liefde vir Jesus Christus wat hulle dring.

“Die tweede verskil tussen slawe en kinders kom duidelik navore in hulle gebedsorgang met die Vader. Gebed is die asemhaling van die siel. Gebed is ook die liefdesorgang tussen die kind en die Hemelse Vader. Dit is ’n spontane liefdesverkeer. Ware gebed gee die voortdurende sekerheid dat ons verhouding met die Vader reg is. Daar is altyd geestelike kontak, al praat ons nie. Dit is wat Paulus waarskynlik bedoel het toe hy gesê het: ‘Bid sonder ophou.’ (1 Thes 5:17) Dit is om altyd in geestelike kontak met die Vader te wees; en om altyd bewus te wees van God se teenwoordigheid. As kinders van God moet ons niks anders begeer nie.

“Hieruit blyk duidelik die verskil tussen die slaaf en die kind. As kinders klein is, soek hulle altyd die ouer op. Hulle wil weet of hulle nog daar is. Dit doen ’n slaaf nie. Hy is nie geïnteresseerd om sy werkgewer elke oomblik op te soek nie. ’n Kind kan nie sonder gedurige kontak met die Vader nie. ’n Slaaf kom liever so lank as moontlik daarsonder klaar. Om een keer per maand kerk toe te gaan en nou en dan Nagmaal te gebruik, is genoeg. Hy verlang nie na die voorhowe van die HERE nie en voel nie aangetrokke tot gemeenskap met die Vader nie.

“’n Derde toets om aan te dui watter gees in ons is, is ons houding ten opsigte van die sonde. Ongelukkig kan niemand die slagysters en slaggate van die sonde op ons lewenspad vryspring nie. Die groot vraag is egter: Wat doen ons met ons sonde? Stoot ons dit

ligweg opsy met die benadering van: Ag wel, ons is nou maar eenmaal sondaars. Of hinder die sonde, wat nog in ons oorgebly het, ons? Hier word die verskil tussen slaaf en kind gou duidelik. 'n Slaaf het 'n heel ander houding teenoor sy oortredinge. Hy geniet dit nogal as hy kan oortree en daarmee kan wegkom. Dit kwel nie sy siel nie. Hy prys homself as hy sy oortredinge kan verberg.

“Die kind kry dit nie reg teenoor sy Vader nie. O nee, sy Vader kom gou agter as Hy in sy kind se oë kyk. Vir 'n ware kind lê die sonde soos 'n klip op die hart. Nee, hy moet dit bely. En dit is 'n teken van kindskap. Hierteenoor hinder dit die slaaf nie. Dit pla nie sy gewete nie.

“Ons kan onself ten opsigte van hierdie drie dinge toets om te weet met watter gees ons vervul is: die gees van die slaaf; of die gees van die kind. En van só 'n toetsing moet ons nie wegstroom nie. Te veel hang daarvan af, want alleen die kinders is erfgename. Die slawe is nie. Dit sal 'n verskriklike ontdekking aan die einde wees, as jy moet uitvind dat jy nie kind is nie, maar 'n slaaf en dus buite moet bly.

“'n Mens kan lidmaat, kerkmens, ensovoorts wees, terwyl jy God nog nooit as jou Vader aangeneem het en nie besorg is oor jou sondelas nie.

“Miskien is sommige van u nou bekommerd of u slaaf of kind is? U hoef nie aan u kindskap te twyfel nie. Lees weereens die teksgedeelte. Paulus wil die gedagte by ons tuisbring dat dit God se begeerte is om 'n kindskap verhouding met ons te hê. Wat beteken dit? Dat God Homself vir ewig aan ons wil verbind. Hierdie verhouding is dus onverbreekbaar. Dit wil sê as jy eenmaal 'n kind is, is jy altyd 'n kind.

“Lees weer die gelykenis van die verlore seun. Toe die verlore seun kop onderstebo teruggekom het, toe hy nog vêr was, het sy Vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel. Die Vader het gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen. Dit was dus nie die seun wat die Vader eerste gesien het nie, maar die Vader. Dit was die Vader wat altyd op die uitkyk was vir hom.

“In hierdie kindskap verhouding is daar geen dwang nie. Die Vader laat ons gaan, as ons dink dat dit elders beter is. Maar Hy skryf ons nooit af nie. Hy bly in die poort staan en wag. Onthou God is nooit ontrou nie, al is ons ontrou. Daarom hoef ons nie te talm nie. Kom na Jesus. By Hom is daar altyd raad. Hy maak ons vry deur sy Gees. Hy maak ons vry mense, wat nie hoef te vrees

nie. Hy maak ons blymoedige kinders wat graag kontak met die Vader wil behou.

“Jesus Christus wil hê dat ons altyd uit die diepste van ons hart die Vader sal aanspreek as: ‘Abba, Vader.’

“Amen.”

Kommentaar:

As hierdie preek jou bewus maak dat jy God soos ’n slaaf benader, moenie moedeloos word en dink dat jy verlore is nie. God, wat die heelal geskape het en alles wat jy om jou sien, wag vir jou met ope arms.

